

Titel: Maak Plek!
Pastoor: Phillip Boshoff
Datum: 22 Februarie 2009
Tyd: 09:00



Jesaja 54:1-3

¹Jubel, onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig, jy wat geen weë gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê die HERE. ²Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in. ³Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.

A. Maak plek vir mense

Spreuke 18:1

Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek.

Spreuke 18:1 (1983)

Die selfsugtige mens lewe net vir homself, hy verwerp alle oorlegpleging.

God se gebod

Johannes 15:12-13

¹²Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. ¹³Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.

Johannes 13:35

Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

Tasbare liefde

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Suiwer godsdienst

Jakobus 1:27 (1983)

Egte en suiwer godsdienst voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.

B. Maak plek vir die koninkryk

Mattheüs 6:33

³¹Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? ³²Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. ³³Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

C. Maak plek vir Sy huis

Psalm 27:4-6

⁴Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in Sy tempel. ⁵Want Hy steek my weg in Sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van Sy tent; Hy verhef my op 'n rots. ⁶En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my, en ek wil in Sy tent offerandes offer saam met trompetgeklank; ek wil sing, ja, psalmsing tot eer van die HERE.